**AGRIBEL BEHEREND BEPERK**
Registrasienommer: 1996/017629/06
("**Agribel**")

**AANDELE TERUGKOOP**

Aandeelhouers word verwys na die aankondiging op 24 April 2025 waarin aandeelhouers in kennis gestel is dat die direksie, tot verdere kennisgewing, besluit het om die bedrag van R10 miljoen wat op 27 Februarie 2025 bewillig was vir die terugkope van Agribel gewone aandele teen R9 per aandeel te verhoog na R15 miljoen.

Die direksie het, na verdere oorweging besluit om, tot verdere kennisgewing, die bedrag waarteen aandele teruggekoop word, te verhoog na R9,50 per aandeel en dat die totale bedrag wat vanaf die datum van hierdie aankondiging tot en met 30 April 2026 beskikbaar gestel sal word vir terugkope in totaal R30 miljoen sal beloop.

Soos in die verlede behels die proses die koop van gewone Agribel aandele in die ope mark deur Agribel Capital (Edms) Beperk, 'n 100%-filiaal van Agribel.

Aandeelhouers is nie verplig om aan die terugkoop deel te neem nie.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz
Maatskappysekretaris
Tel. nr. (076) 212 1776
Klerksdorp
7 Julie 2025